Saamgestel deur Sanet Groenewald

RESENSIE

My Babe

Uitgegee deur Griffel
www.griffel.co.za
ISBN nr. 0-620-37653-8
90 bladsye
Uitgawedatum:
Prys: R100



My Babe is 'n verhaal sonder begin of einde. Dit is nie alleen 'n eerstehandse vertelling deur meer as vierhonderd bydraers nie, maar ook die verhaal van elkeen van ons se lewe. Dit is 'n skrikaanjaende werk.

Iemand wat *My Babe* lees en nie daardeur geraak word nie, kan sekerlik nie mens wees nie. Inteendeel, dit maak jou wéér mens. Dit plaas die leser volvoet in eie skoene en in die skoene van die persoon langsaan.

Die boek bevat uittreksels uit Sanet Groenewald se korrespondensie oor 'n tydperk van vyf jaar met mense wat 'n aborsie gehad het - sonder om standpunt in te neem. *My Babe* ondersoek die twee pole van die mens se stryd om oorlewing: die gevoel van deernis wanneer 'n mens nadergetrek en omarm word teenoor die gevoel van harteloosheid wanneer jy weggestoot word. Dit spreek tot die mens se mees basiese behoefte aan aanvaarding deur onvoorwaardelike liefde waarvan die teenpool die vrees vir verwerping is wanneer ons nie aan verwagtinge voldoen nie.

Ons hou mekaar vas in liefde en noem mekaar "my babe", maar wanneer ons nie van die gevolge hou nie, word ons self deel van die verhale in *My Babe*. Hiermee word die onverwoorde ervarings van onvervulde verwagtinge deurleef.

Tussendeur word die leser met die wreedheid van die lewe gekonfronteer wanneer 'n student deur haar kerk verwerp word as sy na haar verkragting op aborsie besluit.

Tegnies is *My Babe* baie goed versorg. Die aanbieding is uniek en die uitgewers bied die inhoud uiters keurig aan. Dit moes 'n formidabele werk gewees het om aan elke bydraer 'n eiesoortige, gepaste handskrif te gee. Hoewel die flapteks nie reg aan die inhoud laat geskied nie, is die boek na my mening 'n versamelstuk.

My Babe sal nie noodwendig aanklank vind by lesers met sterk vooropgestelde opinies nie, maar dit is beslis aan te beveel vir lesers wat hul lewe op 'n besondere wyse wil verryk. Dit kan regdeur die jaar gelees word vir sinvolle stilword; as alternatief vir goedkoop dagstukkies met 'n Bybelvers of twee en 'n voorgeskrewe gebed.

My Babe behoort op die boekrak van elke terapeut of berader, dominee of sielkundige te wees.